**Liturg: Ds Johan Willemse**

**Teks:**

Genesis 6:5-7:5

Hebreërs 11:1 & 7

**Fokusverse:**

Hebreërs 11:7

**Tema:**

Deur geloof kan ons hoor en doen, al het ons nog nie gesien nie.

**Datum:**

08 Maart 2026

1. **<u>Inleiding</u>**

Geliefdes in ons Here,

Ons lewe in ŉ tyd waar daar baie klem gelê word op sig... Ons wil graag sien!

Skryf en praat is nie meer die manier om na mense deur te dring nie. Mense wil na iets kyk, die visuele is belangrik! Boeke is vervang met films, koerante is verruil vir nuusprogramme. Ons word vermaak deur video platforms. Ons deel graag foto's en video's en vra vir mekaar: "*Het jy <u>gesien</u> dat dit of dat gebeur het...*" of "*Het jy hierdie nuwe ding <u>gesien</u>...*"

Geloof is gevolglik vir baie mense ŉ <u>uitdaging</u>. Geloof is <u>ingewikkeld</u>, want die Bybel sê "*ons lewe deur geloof, nie deur sien nie.*"

- Sommige mense is soos Thomas wat sê: "*As ek nie die merke van die spykers in sy hande sien en my vinger in die merke van die spykers steek nie... sal ek nooit glo nie.*"
- Ander mense wens weer dat die Here homself tog net sal sigbaar maak. Dat Hy vir ons iets sal wys, sodat ons kan sien en glo...

Maar dan lees ons in Hebreërs 11:1 dat geloof juis anders om werk. "*Om te glo, is om **oortuig** te wees van die dinge wat ons **nie sien nie**.*" As bewys hiervan gee hy vir ons ŉ lys van geloofshelde. Mense wat in die verlede gelewe het en vir ons ŉ 'voorbeeld van geloof' nagelaat het. Die Hebreërs skrywer teken dit juis op, sodat ons die voorbeeld kan navolg!

Noag is die derde persoon op die lys, na Abel en Henog. Van hierdie drie is hy die bekendste, want van kleins af hoor ons die storie van Noag en sy ark. Daar is ook ŉ goeie rede dat Noag so bekend is, want hy het in ŉ *unieke tyd* geleef, hy was ŉ *unieke mens* en hy moes ŉ baie *unieke ding* gedoen het.

2. <u>Liggaam</u>

2.1. **Noag se uniekheid:**

**Unieke tyd:**

Die eerste deel van Genesis 6 skets vir ons die unieke tyd waarin Noag geleef het. Daar staan in vers 5-6: "*Toe die Here sien hoe groot die* ***verdorwenheid*** *van die mens op aarde is en dat hy sy lewe lank net slegte dinge bedink, was die Here bedroef daaroor dat Hy die mens op die aarde gemaak het. Dit het Hom diep gegrief.*"

Letterlik staan daar: "*Dit die Here* ***berou****, en daar was* ***smart*** *in sy hart.*"

Kan jy jou indink? Kan jy indink hoe sleg dinge moes gewees het vir die Here om dít te sê? Die verwoestende gevolge van die sondeval het toegeneem tot só 'n mate dat die Here berou gehad het dat Hy die mens gemaak het.

**Unieke mens:**

In die tweede plek beklemtoon Genesis 6 vir ons dat Noag 'n baie unieke mens was. Hy het in 'n tyd van geweldige morele verval gelewe. Maar vers 8 sê: "*Noag is deur die Here* ***begenadig****.*"

Dan word daar twee baie treffende dinge van hom gesê. Twee dinge wat parallelle vorm met die lys van geloofshelde in Hebreërs 11.

- In Genesis 6:9 staan daar: "*Noag was 'n* ***regverdige*** *man.*" Dit is presies dieselfde beskrywing wat ons in Hebreërs 11:4 vir Abel kry. Vanweë Abel se geloof het hy van God bevestiging ontvang dat hy *'n regverdige man is.*
- Dan word daar verder in Genesis 6:9 oor Noag gesê dat hy "***met*** *God* ***gewandel*** *het.*" Hy het naby God geleef. En weereens lui daar 'n klokkie, want dit is wat die vorige persoon in Hebreërs 11, naamlik Henog, ook gedoen het. "*Henog het met God gewandel*" (Gen. 5:24).

Met ander woorde, soos Abel word Noag regverdig genoem. En soos Henog was Noag iemand wat met God gewandel het. ’n Unieke mens onder sy tydgenote. ’n Mens wat anders gelyk het onder ’n vervalle mensdom.

**Unieke ding:**

Dan word daar in die derde plek in Genesis 6 vir ons vertel van die unieke ding wat Noag moes doen. Vanweë die verdorwenheid van die mense op die aarde, het die Here besluit om skoon en nuut te begin. Die Here het besluit om die verdorwe mense uit te wis deur ’n geweldige vloed te stuur.

Maar om Noag en sy gesin te red, en die diere te bewaar, beveel die Here hom om ’n ark te bou. Dit is die bekende en aangrypende deel wat ons almal ken. Dit is die *unieke ding* wat hy moes doen, wat niemand ooit weer sou herhaal nie.

En dit is op hierdie punt waar die Hebreërs skrywer ons eintlik verras...

### 2.2. Noag se geloof:

Wanneer ’n mens deur die lys van geloofshelde lees, dan tel jy vinnig ’n patroon op. Die skrywer beskryf die een held na die ander, en gee ’n kort opsomming van hulle bekendste oomblikke.

Wanneer dit uiteindelik by die unieke en bekende Noag kom, verwag ons om iets te lees oor die reënboog, of die vloed, of die diere wat na hom toe aangekom het... En tog is dit nie waarop Hebreërs 11 fokus nie.

Vers 7 begin met die woorde: “*Deur die geloof het Noag...*” Die fokus val op **Noag se geloof**. Soos met elke geloofsheld, leer ons iets van geloof, of altans, ons leer oor dit wat geloof ons in staat stel om te doen.

Nou goed, wat leer ons oor geloof, vanuit Noag se lewe? Ons leer dat geloof nie altyd gerig is op die sigbare nie. Geloof is om te hoor en te doen, al het ons nog nie gesien nie. Dit gaan

egter nie oor ŉ naïewe en redelose ‘*volg en doen*’ nie. Dit sê nie ons moet sonder enige leiding in die donker in hardloop nie. Net omdat ons nie sien nie, beteken nie dat ons nie weet nie.

Geloof beteken juis om te **weet**, want ons het die Here **gehoor**.

Hebreërs 11:7 begin met die Here se waarskuwing aan Noag. Daar staan: “*Hy het die goddelike waarskuwing ontvang oor dinge wat nog nie gesien kon word nie.*” Dit is baie duidelik dat hierdie ‘*dinge wat nog nie gesien kon word nie’*, na die vloed verwys.

Plaas jouself vir ŉ oomblik in Noag se sandale:

Op hierdie stadium was daar nie ŉ enkele aanduiding dat ŉ vloed op pad is nie. Die watervlakke het nie begin styg nie. Daar was nie donker wolke op die horison nie. Dit wat die Here belowe het, het nog nooit vantevore gebeur nie. Trouens, niemand het al ooit só ŉ gebeurtenis gesien nie.

En tog is dit nie al nie. Hy moes al hierdie dinge gedoen het, terwyl die mense rondom hom gedink het dat hy mal is. Dink jou net die prentjie in: ŉ Ou man, op ŉ afgeleë plek, ver weg van enige water af, besig om ŉ enorme boot te bou. Dink julle dat mense hom in vrede sou los om voort te gaan? Nee, daarom het hy ook baie spot en verkleinering verduur.

Menslik gesproke het Noag ŉ waansinnige waarskuwing en opdrag ontvang. Die vloed het in die onsigbare toekoms gelê. Hoe kon Noag dan geweet het dat dit sou plaasvind? Die antwoord wat die Hebreërs skrywer gee, is **deur die geloof**. Hy kon God alleen maar op sy woord neem en eerbiedig gehoorsaam, al kon hy nie sien nie.

Ons moet egter ook insien dat die Here se opdrag om die ark te bou tweeledig was.

Aan die een kant sien ons duidelik die Here se **genade**. In Genesis 6 sê die Here dat Hy ŉ oorstroming gaan stuur om elke lewende ding te **verdelg**. Maar vir Noag sê Hy: '*Ek gaan jou red! Jy en jou seuns en jou vrou en jou skoondogters.*' Voorop staan die Here se genade!

Maar aan die ander kant was dit ook vir Noag ŉ **toets**. Gaan hy op die Here vertrou en Hom op sy woord neem? Gaan hy doen wat die Here beveel, ten spyte van die gespottery en uitdagings? Gaan Noag volhard, sonder enige sigbare bevestiging?

En op die ou einde het Noag die toets geslaag. Hy het in die Here geglo en eerbiedig gehoorsaam. Twee keer word sy gehoorsaamheid beklemtoon:

- In Genesis 6:22: "*Noag het alles gedoen presies soos God hom beveel het.*"
- En dan later in Genesis 7:5: "*Noag het alles gedoen soos die Here hom beveel het.*"

En hoor weer hoe mooi beskryf Hebreërs 11:7 dit: "*Deur die geloof het Noag, toe hy ŉ goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin.*" Is dit nie aangrypend om te sien met watter gesindheid Noag die werk aangepak het nie? Uit eerbied vir die Here, eerbied vir wie die Hy is en wat Hy besig is om te doen. Eerbiedig en gehoorsaam bou Noag die ark.

Hoe kon Noag geweet het dat die vloedwaters sou kom? Wat het gemaak dat hy nie getwyfel het nie? Net geloof.

Geloof het hom oortuig dat *dit wat die Here gesê het*, sal plaasvind. Geloof het die 'nog nie' waarneembare vloed, vir hom 'reeds' in daardie oomblik ŉ werklikheid gemaak. Geloof het gemaak dat hy spot verduur en sy lewe toewy aan ŉ saak wat vir die wêreld soos dwaasheid gelyk het. Die Here het met Noag ŉ verbond gesluit, en deur die geloof het Noag die beloftes van die verbond omhels en die opdragte gehoorsaam. Gevolglik het daar vir hom en sy gesin redding gekom.

## 2.3. Geloof in ons lewens:

Geliefdes, dit is uiteindelik ook die boodskap en goeie nuus vir ons. Geloof doen presies dieselfde vir my en jou. Hoor weer die woorde van Hebreërs 11:1: "*Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, <u>om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.</u>*"

- Deur geloof kan ons **weet** dat ons gaan kry wat God belowe.
- Geloof stel ons in staat om 'n werklikheid te sien wat ons nie met ons sintuie kan waarneem nie.

Broers en susters, net soos Noag het ons ook beloftes van die Here ontvang wat in 'n sin *nie gesien kan word nie*. Beloftes wat heerlik en verblydend is. Beloftes van verlossing, redding en bewaring te midde van die bose wêreld. Ons ontvang beloftes in Christus en "*Hy is die "ja" van God, die "ja" op al die beloftes van God.*" (2 Kor. 1:19-20).

Wat nou van ons verwag word, is om **deur die geloof te lewe**. Dit is waar dat ons nie al die dinge wat die Here belowe, noodwendig kan sien nie. Natuurlik is daar beloftes wat nog in die verre, onsigbare toekoms lê. Natuurlik is dit vir ons *wat graag wil sien*, baie moeilik.

- Ons kan tog nie <u>vir God</u> die Vader, of Jesus of die Heilige Gees sien nie.
- Ons sien nog nie die realisering van Jesus se <u>wederkoms</u> nie, nog die werklikheid van die <u>opstandingsliggaam</u>.
- Ons sien nog nie die <u>volkome verlossing</u> vanuit die stukkende en gebroke wêreld nie.

En nogtans het God sy **Woord** vir ons gegee waardeur ons Hom hoor praat. Nogtans **bevestig** God die Heilige Gees die waarheid van die evangelie in ons harte. Danksy God se genade, bewerk Hy in ons 'n ware geloof. Deur die geloof kan ons al hierdie *onsigbare dinge* met sekerheid **omhels** en verlossing ontvang.

Maar deur die geloof moet ons ook **doen**. ŉ Ware geloof lei tot eerbiedige gehoorsaamheid. Deur die geloof kan ons God, wat ons nie kan sien nie, liefhê. Deur dieselfde geloof moet ons lief wees vir ons naaste, wat ons wel kan sien (1 Joh. 4:20). Deur die geloof kan ons bou en werk in die Koninkryk van God!

En as ons dit doen, sal ons net soos Noag, spot en vernedering moet verduur. Hoe kan dit anders? 1 Korintiërs sê dat die kruis van Christus, en die prediking daarvan, vir die wêreld dwaasheid is. En tog het die Here in sy goedheid besluit om *dié te red wat glo* (1 Kor. 1:21).

Geliefdes, geloof is nie altyd maklik nie, maar ons troos is dat geloof die onmoontlike verrig. Want deur te glo, word die onsigbare ŉ werklikheid ***asof** ons dit kan sien*. Deur die geloof kan ons Christus liefhê "*al het ons Hom nie gesien nie. Deur in Christus te glo, het ons reeds deel aan die saligheid van ons siele, al sien ons Hom nou nie*" (1 Pet. 1:8-9). Bietjie later, in Hebreërs 11:27, lees ons van Moses. Van hom word gesê dat hy geglo het en volhard het "*soos iemand wat die onsienlike God sien.*"

Dit is wat geloof doen. Deur geloof kan ons hoor en doen, al het ons nog nie gesien nie.

### 2.4. Ons reaksie op die Here se woord:

Geliefdes, dit bring ons by ŉ laaste gedagte. Deur Noag leer ons dat God in een daad verlossing en veroordeling bewerk.

In Genesis 6 maak die Here aan Noag ŉ belofte. Die belofte is dat daar **veroordeling** deur die vloed gaan kom, maar God sluit ook met Noag ŉ verbond en gee hom die belofte van **verlossing**. Deur God se genade het Noag geglo. En dan sê Hebreërs 11:7 dat "*sy geloof ŉ **veroordeling** van die wêreld was.*"

Omdat Noag geglo het, het hy gebou. En hoe meer hy gebou het, hoe meer het mense hom gespot. Maar elke keer wat hulle vir Noag gelag het, het hulle eintlik vir God gelag. Deur hulle

ongeloof het hulle ten diepste gesê dat God ŉ leuenaar is. Dat die dinge wat Hy belowe nie waar kan wees nie. Maar toe die vloed kom, het Noag se geloof die ongelowige spotters veroordeel.

Vers 7 sê egter ook dat Noag se geloof hom ŉ "*erfgenaam gemaak het van die* ***vryspraak*** *wat deur die geloof kom.*"

Deur een daad het die Here veroordeling en verlossing gebring.

Broers en susters, wat God met die vloed gedoen het, doen Hy jare later weer deur sy Seun op Golgota. Op die kruis het Christus ons oordeel gedra. Hy het ons korrupsie, vrotheid, verdorwenheid en vloek op Hom geneem! Die veroordeling wat ons moes ontvang, dra die Regverdige, in ons plek.

Deur die kruis ontvang ons dan verlossing en redding. Johannes 3:17 sê "G*od het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom* ***gered*** *kan word.*" Dit is die verblydende evangelie!

Maar geliefdes, die belangrikste boodskap lê vir ons hierin opgesluit: Ons reaksie op die Here se woord en die evangelie het altyd een van twee gevolge. Dit bring of **veroordeling** of **verlossing**.

- Óf ons kan reageer met geloof en gehoorsaamheid, wat lei tot ons verlossing.
- Óf ons kan reageer met ongeloof en ongehoorsaamheid, wat lei tot veroordeling.

In ŉ tyd waar ons baie klem lê op die sigbare, is dit vir baie mense moeilik om te glo in dit wat ons *nie kan sien nie*. Maar ons reaksie op die evangelie van Christus moet ons met die grootste erns benader. Alles is op die spel!

Hoor weer die woorde van Johannes 3:17-18: "G*od het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom* ***gered*** *kan word. Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie,* ***is reeds veroordeel*** *omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie.*"

Daarom geliefde, vra jouself af. Hoe reageer ek op die evangelie van die Here Jesus Christus? Lewe ek werklik vanuit die geloof, al is dit nie vir my op hierdie oomblik ten volle sigbaar nie?

### 3. <u>Slot</u>

Ek sluit af.

Noag is sonder twyfel een van die bekendste mense in die Bybel. Daarom maak dit baie sin dat die Hebreërs skrywer juis ook hom in die lys plaas. Deur Noag se voorbeeld leer ons dat ons moet lewe deur die geloof en nie deur te sien nie.

Ons geloof is nie ŉ skoot in die donker nie. Dit berus op die vaste beloftes van God. Dit is geanker in die Woord van God. Dit word ŉ waarneembare werklikheid deur die Gees se werking in ons harte. Deur die geloof kan ons die *onsigbare* sien.

En vir ons wat nog twyfel, en dalk ŉ teken soek - as dit weer reën, soek die reënboog as sigbare teken van God. "*Gelukkig is die een wat nie gesien het nie en tog glo*" (Joh. 20:29).

# Amen